*Maandag* **28 Julie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 2:23-25 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 2:23-24**
**Die Here alleen kan ons van spotters verlos**

Elisa as dienskneg van die Here het gemerk dat God met sy Gees deur hom werk, maar hy was bewus dat die bose ook aan die werk was. Hy het opgegaan na Bet-El, een van die hoofsentra van Israel se afgodsaanbidding. Op pad daarheen kom daar klein seuntjies uit die stad en spot met hom.

Elisa vervloek hulle in die Naam van die Here en twee berinne kom uit ’n bos en verskeur 42 kinders. Dit klink wreed en daar is baie verdeeltheid in opinie oor hoe die gedeelte verklaar moet word. Die oorspronklike woord “klein” kan ook beteken nietig en waardeloos. Die woord vir kindertjies word gebruik vir ’n baba (Eks. 2:9-10) en dit word gebruik vir ’n jong seun van 17 (Gen. 37:30). Dit kan aan die een kant vertaal word met klein kindertjies of aan die ander met nietige jong seuns. Of dit jong seuns was of klein kindertjies, ons moet onthou, God is altyd regverdig wanneer Hy oordeel. Want Hy het sy volk deur Moses al gewaarsku, indien hulle ongehoorsaam was, sal Hy wilde diere stuur om hulle dood te byt. Selfs die suigeling en die grysaard word nie gespaar nie (Deut. 32:24-25).

Teenoorgesteld van Elisa was onse Here Jesus Christus weer bewonder deur die kindertjies, maar verag deur die volwasse Jode. Terwyl die kinders gesing het *Hosanna* aan die Seun van Dawid, was dit die Jode wat sy dood beplan het. Ons leef in tye nie so vreemd van Elisa en Christus nie. Ons as gelowiges word ook vandag verag en verkleineer, vervolg en sommige word selfs doodgemaak. Die Here is altyd met sy kerk en sal ons deur verdrukking bystaan, dit is troos vir ons. Maar God sal met onbekeerlike valse leraars en huigelaars afhandel.

Gebed: *Ons Hemelse Vader, beskerm u werk teen vervalsing en laat die vrug en getrouheid van die ware kerk uitstraal tot ’n getuienis vir die verheerliking van u groot en heilige Naam. Amen.*

*Sing: Psalm 9-1:9, 10*

*Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)*